

GEREFORMEERDE KERK BELLVILLE

KERSFEESDIENS 25 DESEMBER 2013

Sing voor die diens staande: Psalm 1:1-3 (p .1)

- 1 Welsalig hy wat op die spoor nie gaan / waar sondaars lok; wat op hul pad nie staan,
of neersit waar die spotglans in die oog is, / waar spotters vrolik spot met al wat hoog is;
maar wat Gods wet in stille mymering, / by dag en nag, weer in gedagt'nis bring.
- 2 Hy is 'n boom wat diep en vas geplant, / sy wortels uitsprei by die waterkant;
en mild versorg deur vrugb're lentelugte, / sy volle drag laat sien van somervrugte.
Geen onspoed wat hom in sy werk sal stuit: / wat hy begin, voer hy voorspoedig uit.
- 3 So is die sondaar nie; sy aardse tyd / is wisselspel en onbestendigheid.
Hy's soos die kaf aan stormwind prysgegewe; / in nietigheid, so eindig hy sy lewe;
hy hou nie stand waar God se volk Hom eer, / of waar die straf tot weervergelding keer.

Votum

*Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die Here
wat hemel en aarde gemaak het. Amen (Psalm 121:1-2)*

Lofsang: Psalm 100:1-3 (p. 494)

- 1 Juig, al wat leef, juig voor die HEER! / Dien God met blydschap, gee Hom eer;
kom nader voor sy aangesig, / en prys Hom met 'n lofgedig!
- 2 Die HEER is God, erken dat Hy / 'n eie volk vir Hom berei,
'n volk om Hom te dien en vrees / en skape van sy wei te wees.
- 3 Gaan deur sy poorte in met lof, / met lofsang in sy tempelhof;
kom in sy huis, o bondsvolk, saam; / verhef sy lof en prys sy Naam.

Gebed

Sing: Psalm 29:1, 3 (p. 135)

- 1 Eng'lemagte, loof die HEER, / gee die HERE sterkte en eer!
Al die duisende tesaam – / sing die ere van sy Naam!
Eng'le, trone, heerskappye – / laat dit opklink uit jul rye!
Dien God, groot deur almagsdade, / in die skoonste feesgewade!
- 3 Dis die HEER se stem wat spreek / as die trotse seders breek;
as hul spring soos kalwers op / Libanon se hoë top.
Berge kom saam in beroering: / Sirjon spring van skrikvervoering,
Libanon, met sederbosse, / huppel soos die wilde osse.

Skriflesing: Psalm 1

Teks: Psalm 1

Tema: Die regverdige man

Om die Psalms te lees kan 'n **moeilike taak** wees. Die Psalms is nie net die langste boek in die Bybel nie; die psalms is ook geskryf in die vorm van *poësie en liedere*. Hulle omvat 'n verskeidenheid soorte wat wissel van lofprysing en danksegging tot wysheidpsalms en

klaagliedere. Die Psalms kan moeilik wees om te verstaan en hoe hulle saam 'n geheel vorm, is nie altyd dadelik helder en verstaanbaar nie. *Nietemin*, 'n **basiese begrip van Psalm 1** kan in 'n groot mate daartoe bydra om ons te oriënteer ten opsigte van die res van die boek. Psalm 1 is al genoem die groot ingangsportaal tot die herehuis van die psalms.

Die Psalmsboek **weerkaats die Pentateug** – die eerste vyf boeke van die Bybel – in dié opsig dat dit ook verdeel is in *vyf boeke*. Psalm 1 is die inleiding tot die eerste gedeelte van die Psalmsboek wat eindig in Psalm 41.

Net soos die *eerste hoofstuk van Spreuke*, gee die eerste Psalm aan ons **onderrig en wysheid** oor ons verhouding tot God – nie God as abstrak nie, maar God as ons Verbondsgod en Verlosser. * In eenvoudige terme, hierdie psalm gaan oor **twee duidelik onderskeie leefwyses**: óf jy leef as 'n regverdige persoon vir God, óf jy leef as 'n goddelose persoon *teen* God.

Miskien is die beste manier om **hierdie Psalm te organiseer** soos volg: **(i)** vers 1-2 gee 'n uiteensetting van twee verskillende *bronne* van onderrig vir die twee verskillende leefwyses; **(ii)** vers 3-4 beskryf die kontrasterende *vrugte* wat die twee leefwyses lewer; **(iii)** vers 5-6 vertel ons wat die *uiteinde* van die twee leefwyses is.

Onderrig in regverdigheid of goddeloosheid (vers 1-2)

In vers 1 word ons voorgestel aan die **welgeluksalige man**. Hy is die een wat wandel op die weg van die regverdiges. Die psalmis, heel waarskynlik Dawid, vertel ons dat die “*geseënde*” man – die man wat beloon word – dié een is wat **nie die raad** van die goddelose **volg nie**. Die geseënde man **dwaal nie af** van die pad van die regverdiges nie, selfs nie wanneer versoekings op sy pad kom nie.

'n **Nuttige metafoor** om versoeking tot sonde in hierdie gedeelte te beskryf is die verleidelikheid van die vrou van dwaasheid wat in Spreuke 9 beskryf word. Sy staan by die deur van haar huis en bied seksgunsies aan vir die verbygangers. Diegene wat in haar web van sensuele bedrog gevang word, is dié wat eers net na haar toe *loop*. Dan, **soos die vordering** wat ons in Psalm 1 sien, word die een wat versoek word weggetrek deur te *wandel in die raad van die goddelose*: met ander woorde, hy begin om haar met **belangstelling** te volg. En dan *staan* hy by die vrou van dwaasheid. Hy **luister** na die ongeoorloofde dinge wat sy te sê het. En dan, hy **raak gemaklik** en *sit* in die kring van die spotters – die wat met God spot. Teen dié tyd het hy 'n onvrywillige toehoorder van boosheid geword en 'n slaaf van die sonde. Die *punt hier* is dat verleiding tot sonde – om op die pad van die goddelose te loop –subtiel is, maar nietemin kragtig en bekoorlik. Die afdaal na die hel is vir die goddelose 'n **geleidelike proses**. Die regverdige man weet dit en daarom vermy hy die pad van versoeking.

Is jy soos die regverdige man hier? Bly jy in die regte geselskap? Laat jy jou oë nie dwaal nie? Is jy versigtig na wie jy luister? Beveg jy die wêreld, die vlees en die duiwel aktief.

In vers 2 *skryf die psalmis* dat die regverdige man of *geseënde man* die een is wat nie wandel in die raad van die goddeloses nie, maar pleks daarvan is *sy behae in die wet van die HERE, en oordink hy sy wet dag en nag*”. Die verwysing na die wet hier het die Israëliete waarskynlik **herinner** aan die volgende: Moses en die gee van die wet by Sinai, en Josua wat weer die

wet gegee het op die grens van die Beloofde Land. Hierdie woorde sou die Israeliete *herinner* het aan die **groot geloofshelde** en hulle toewyding aan die Here, soos Abraham, Isak, Jakob, Moses en Josua. Hier moet ons in gedagte hou dat die wet waarna hier verwys word **meer is as die Tora**, die eerste vyf boeke van die Bybel. Vir ons, in die Nuwe-Testamentiese tye, moet die wet gesien word as 'n samevatting van **al die wysheid en onderrig** van die Bybel, insluitende die ewangeliebeloftes wat deur Jesus Christus vervul is.

As Christene, moet ons voortdurend **biddend** die wet van God – sy Woord – **oordink**. Dit is waar ons die weg van die regverdige vind; die wysheid wat lei tot saligheid.

Goeie vrugte en slegte vrugte (vv3-4)

In vers 3-4 gebruik die psalmis digterlike taal om die prentjie te skilder van die verskillende soorte vrug wat die regverdige en die goddelose lewer. Let hier ook weer op die treffende kontraste. Soos 'n **welige vrugteboom** wat geplant is by lewegewende water, so lewer die gelowige vrugte van regverdigheid deur ag te slaan op die onderwysing van God se Woord. Soos 'n boom wat **vrugbare grond en water** nodig het om te groei, so het geloof die Woord van die Verbondsgod nodig om wortel te skiet en te floreer. Soos 'n boom **tyd nodig het** om te groei en te blom, so het ons geloof tyd nodig om te groei en te bloei. Dikwels gebeur dit dat 'n boom stadig groei of selfs in sy groei belemmer word, soos in die winter of tydens ongunstige weersomstandighede. Net so moet ons geduldig volhard wanneer ons geloof swak is en aanvegtinge verduur. Die Here laat allerlei soorte swaarkry in ons lewe toe om ons geloof te toets en as gevolg daarvan word ons geloof versterk en groei dit tot volwassenheid.

Met dit in gedagte laat ons **versigtig wees** om nie die groei waarna hier verwys word gelyk te stel aan tydelike *gesondheid, welvaart en voorspoed nie*. Ja, Israel het die **Beloofde Land** geniet met baie materiële seëninge. Kanaän was 'n land wat oorloop van melk en heuning. Maar ons leef nie in die tyd van die volk Israel in 'n aardse paradys nie. Soos Abraham leef ons eerder as **reisigers en bannelinge** in hierdie wêreld, blootgestel aan die swaarkry van ons tyd. Wat die Woord egter beslis belowe is dat God **ons innerlik vernuwe** as nuwe skepsele in Christus. God het vir ons die seker hoop op die hiernamaals gegee. God wil verseker dat sy kerk sal voortgaan om te bloei, met 'n voorspoed wat grootliks verberg is voor die oë van die wêreld; met 'n voorspoed totaal anders as die voorspoed wat die wêreld nastreef.

Desnieteenstaande is God se seëninge **nie algeheel verberg en in die toekoms nie**. Laat ons nie vergeet dat God graag vir ons 'n **spesiale voorsmaak** wil gee van die hemel waar ons saam vergader sal wees soos ons nou *vir verenigde aanbidding*, want Hy dien ons met genademiddele. Deur die prediking van sy Woord en die bediening van die sakramente ontvang ons God se genade uit die hemel in Christus deur sy Gees. Dit is die hoofbestanddeel van die **onvervangbare dieet** vir ons geloof as Christene. Dit is deur die bediening van die Woord in die gesamentlike erediens dat God verseker dat ons **bly op die pad** van regverdigheid en baie vrugte dra.

Daarteenoor beskryf die psalmdigter in vers 4 die goddelose en **haters van God** in die wêreld as *geestelik onvrugbaar en sonder vrugte*. Hulle is sonder Christus, sy Gees en sy genade. Hulle is soos kaf wat deur die wind weggewaai word.

Oordeel en verlossing (vers 5-6)

Tot dusver het ons gekyk na die *duidelik teenoorgestelde bronne van onderrig en waardes* van die regverdiges en die goddeloses. Dit is basies die wysheid van die Woord van God en die wysheid van die wêreld. In vers 3-4 het ons die kontrasterende *vrugte* gesien wat deur elke leefwyse voortgebring word: goeie vrugte en slegte vrugte. In vers 5-6 het ons nou geleer wat die **uiteinde** is van die leefwyse van die goddeloses en die regverdiges. In vers 5, sê die psalmskrywer, sonder om doekies om te draai, dat **die goddelose** nie God se oordeel op die laaste dag sal kan verduur nie, en daarom sal hulle ook nie in die kerk te vinde wees nie. Hoekom nie? Hulle het hulle rug gedraai op God en sy Woord van Lewe.

Maar, vir dié wat biddend ag slaan op God se Woord en daardeur geleer word; vir dié wat groei en bloei soos 'n vrugteboom deur die krag van die Heilige Gees, beloof **God redding**. Die psalmdigter sê die Here *ken die weg van die regverdiges*. Dit beteken Hy het sy verbondsliefde bepaal vir hulle wat glo, vir sy kerk. Hy het ons hemelse bestemming verordineer nog voor tyd begin het. ? Soos Israel, **wag** ons ook nog op die finale vervulling van ons saligheid, nie waar nie?

Hoe kan ons **seker wees** dat God se belofte hier in Psalm 1 ook vir ons *geld*? Hoe kan ons seker wees dat ons onder die regverdiges tel en nie verdelg sal word op die Oordeelsdag nie?

Slotsom: die regverdige man

Die antwoord op hierdie vrae hang af van hoe ons die **die verwysing** na die *welgeluksalige man* in vers 1 **verstaan**. Sommige vertalings lui: *Welgeluksalig is hulle*, wat eintlik jammer is, want dit vertroebel die betekenis van dié psalm op 'n kritieke punt. In plaas van te verwys na die gelukkige toestand van die mense *in die algemeen* wat regverdigheid najaag het die psalmdigter een spesifieke man in die oog: *Welgeluksalig is die man* (AFR53). Wie is dié man?

Benewens die aanwesigheid van die **bepaalde lidwoord** voor *man* in die oorspronklike Hebreeus, is daar ander redes wat daarop dui dat die spesifieke verwysing hier na *man*, niemand anders is as dié Messias, Jesus Christus. Een rede is dat die gebruik van die woord *man* hier slegs *manlik* of *eggenoot* kan beteken en nie vroulik of vrou kan beteken nie. **Maar wat van die breër konteks?** In ons antwoord op hierdie vraag moet ons gerus onthou van Jesus se gesprek op die **pad na Emmaus** in Lukas 24 waar hy vertel dat die hele Skrif – wat die Psalms insluit – in Hom vervul is. So, terwyl daar Psalms is soos Psalms 2, 22 en 110, wat uitdruklik op Christus wys, kan ons nogtans op grond van Jesus se gesag Hom ook in Psalm 1 vind. Wanneer ons Jesus sien as die *welgeluksalige* of *regverdige* man in vers 1 word dit verder versterk as ons die **noue band** tussen Psalm 1 en die Messiaanse Psalm 2 in gedagte hou. Vroeë Joodse en Christelike vertalers het opgemerk dat Psalm 1 and 2 'n **literêre eenheid** vorm, baie soos Psalm 42 and 43 aan die begin van die tweede gedeelte van die boek van die Psalms. Onthou dat vers- en hoofstukindelings dinge is wat eers later aangebring is en nie geïnspireer is nie. Buitendien, let ook daarop dat Psalm 2 **nie 'n opskrif het nie**; dit dui daarop dat dit ononderbroke volg op Psalm 1. Beide die psalms het ook soortgelyke temas van bepeinsing en vernietiging.

As die Bybelse bewys die lees van Jesus as die welgeluksalige man ondersteun, **hoekom is dit dan so belangrik** dat ons dit so doen? In wese hang ons saligheid daarvan af; ons het geen regverdiging en heiligmaking daarsonder nie! Dink daaraan. **Kan enigiemand hom die**

titel van die *regverdige* man in Psalm 1 **aanmatig**? Wie het Hom onbevlek van sonde en vry van die bose raad van die bose gehou? Wie het voortdurend behae gehad in die wet van God en dit onophoudelik oordink? Adam? Abraham? Die modelprofeet Moses? Koning Dawid? ? Nee, hulle het almal gesondig. Broeders en susters, ons het almal gesondig en nie een van ons kan God se guns verdien op grond van ons toewyding aan God of ons goeie werke nie. Ons is magteloos om geregverdig te word in en deur onself. Die wet kan ons nie help nie. Dit is hoekom ons Jesus nodig het!

Jesus is die *regverdige* en *welgeluksalige man* van Psalm 1 omdat Hy **nooit enige boosheid begaan het nie**, nie eens een keer nie. Hy het *behae* gehad in die wet van God en sy hele lewe was een van *volmaakte gehoorsaam* aan die wil van God. Hy was in die geselskap van die goddeloses, maar Hy *het nie geluister* na hulle leuens nie. Hy het God se wet dag en nag *oordink*. Hy het altyd reg gedink oor God.

Dus hoe **word ons regverdig**? Hoe word ons geseën? Hoe word ons geregverdig en heilig gemaak? Hoe word ons soos 'n vrugteboom by die rivier van die lewende water? Hoe kan ons die woorde van Psalm 1 op ons lippe neem en ons daarmee vereenselwig? Deur geloof in Jesus – deur ons toevlug tot Jesus te neem (Psalm 2) wat, soos Paulus sê, Hy het die geregtigheid vir ons geword (Romeine 10). Jesus het die weg na God vir ons berei deur sy volmaakte gehoorsaamheid en offerdood en ons kan nou dié weg deur geloof bewandel.

Broeders en susters, die **ingangsportaal tot die herehuis van die psalms** is dieselfde ingang tot die ewige lewe – Jesus Christus ons Here en Verlosser. Die sleutel tot begrip van Psalm 1, die Psalms en die hele Bybel is opgesluit in die wete dat **ons lewe te vinde is** in die *welgeluksalige* en *regverdige man* van Psalm 1, vers 1. Deur die soenbloed van Jesus het ons – deur geloof – deel geword van die **Lewensboom** – Jesus. Ons is soos die **takke** van daardie boom wat geplant is by strome van lewende water wat sy vrugte gee op sy tyd. Laat ons daarom leef soos hulle wat welgeluksalig is in Jesus – wat wandel op die weg van die regverdiges en nie die goddeloses nie, en wat vrugte van die Gees dra wat Christus ons geskenk het as 'n deposito op ons ewige erfenis.

Amen.

Slotsang: Skrifberyming 15-1

Seëngroet

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee. (Numeri 6:24-26)

Skrifberyming 4-6 (68)

Simon Jooste
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 25 Desember 2013